

**BUITENGEWONE**  
**OFFISIËLE KOERANT**  
VAN SUIDWES-AFRIKA  
**OFFICIAL GAZETTE**  
**EXTRAORDINARY**

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG

PUBLISHED BY AUTHORITY

30c

Dinsdag 30 Desember 1980

WINDHOEK

Tuesday 30 December 1980

No. 4356

**Goewermentskennisgewing**

**Government Notice**

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

The following Government Notice is published for general information.

N. J. DAVIN  
*Sekretaris van die Nasionale Vergadering  
van Suidwes-Afrika*

N. J. DAVIN  
*Secretary of the National Assembly  
of South West Africa*

Windhoek

Windhoek

No. AG. 194

30 Desember 1980

No. AG. 194

30 Desember 1980

**AFKONDIGING VAN WET VAN NASIONALE  
VERGADERING**

**PROMULGATION OF ACT OF NATIONAL  
ASSEMBLY**

Die volgende Wet, wat ingevolge die Proklamasie op die Nasionale Vergadering, 1979 (Proklamasie AG. 21 van 1979), deur die Nasionale Vergadering van Suidwes-Afrika aangeneem en deur die Administrateur-generaal onderteken is, word hierby afgekondig ingevolge artikel 19 van daardie Proklamasie:—

The following Act, which has been adopted by the National Assembly of South West Africa and signed by the Administrator-General in terms of the National Assembly Proclamation, 1979 (Proclamation AG. 21 of 1979) is hereby published in terms of section 19 of that Proclamation:—

No. 28 of 1980 Wysigingswet op die Landbank,  
1980

No. 28 van 1980 Land Bank Amendment Act, 1980

Wet No. 28, 1980

**WYSIGINGSWET OP DIE LANDBANK, 1980***(Engelse teks deur die Administrateur-generaal onderteken  
op 17 Desember 1980)***WET**

**Tot wysiging van die Landbankwet, 1944, ten einde met terugwerkende krag ander voorsiening te maak vir die bepaling van toelaes betaalbaar aan lede van die raad; en die datum vir die voorlegging van finansiële state aan die Administrateur-generaal te verander; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Nasionale Vergadering van Suidwes-Afrika, soos volg:—

Wysiging van artikel 10 van Wet 13 van 1944, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 10 van 1952, artikel 3 van Wet 47 van 1959, artikel 3 van Wet 46 van 1965, artikel 1 van Wet 5 van 1968, artikel 24 van Wet 70 van 1968 en artikel 9 van Proklamasie 147 van 1979.

1. (1) Artikel 10 van die Landbankwet, 1944 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

“ (3) Daar word aan ’n lid van die raad wat elders as op die plek waar hy woon, werk in verband met die besigheid van die bank verrig het, benewens sy salaris, ’n toelae uit die fondse van die bank betaal volgens ’n tarief wat die raad vasgestel en die Administrateur-generaal goedgekeur het, om sy reis- en verblyf koste te dek.”.

(2) Subartikel (1) word geag op 1 September 1979 in werking te getree het.

Wysiging van artikel 65 van Wet 13 van 1944, soos gewysig deur artikel 9 van Wet 13 van 1953, artikel 12 van Wet 46 van 1965, artikel 16 van Wet 31 van 1969 en artikel 40 van Proklamasie 147 van 1979.

2. Artikel 65 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

“ (1) Die hoofbestuurder moet binne drie maande na die een-en-dertigste dag van Maart elke jaar aan die Administrateur-generaal, vir publikasie in die *Offisiële Koerant*, ’n staat stuur waarin vermeld word —

- (a) die bates en laste van die bank op gemelde datum; en
- (b) die wins- en verliesrekening vir die vorige jaar.”.

Kort titel.

3. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Landbank, 1980.

**LANDBANK AMENDMENT ACT, 1980**

Act No. 28, 1980

(English text signed by the Administrator-General on  
17 December 1980)

**ACT**

**To amend the Land Bank Act, 1944, so as to make different provision with retrospective effect for the determination of allowances payable to members of the board; and to alter the date for the submission of financial statements to the Administrator-General; and to provide for matters connected therewith.**

BE IT ENACTED by the National Assembly of South West Africa, as follows:—

1. (1) Section 10 of the Land Bank Act, 1944, (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

Amendment of section 10 of Act 13 of 1944, as amended by section 1 of Act 10 of 1952, section 3 of Act 47 of 1959, section 3 of Act 46 of 1965, section 1 of Act 5 of 1968, section 24 of Act 70 of 1968 and section 9 of Proclamation 147 of 1979.

“ (3) Every member of the board who has been engaged on the business of the bank at a place other than his place of residence, shall be paid out of the funds of the bank, in addition to his salary, an allowance in accordance with a tariff framed by the board and approved by the Administrator-General, to defray his travelling and subsistence expenses.”.

(2) Subsection (1) shall be deemed to have come into operation on 1 September 1979.

2. Section 65 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

Amendment of section 65 of Act 13 of 1944, as amended by section 9 of Act 13 of 1953, section 12 of Act 46 of 1965, section 16 of Act 31 of 1969 and section 40 of Proclamation 147 of 1979.

“ (1) The general manager shall, within three months after the thirty-first day of March in each year, transmit to the Administrator-General to be published in the *Official Gazette*, a statement of account showing —

- (a) the assets and liabilities of the bank as on the said date; and
- (b) the profit and loss account for the preceding year.”.

3. This Act shall be called the Land Bank Amendment Act, 1980. Short title.